
Lig uit Lig

Die metafisiese tradisie van metaforiese lignumineuse en die neerslag daarvan in Andrew Murray se teologie¹

Andries Raath

Navorsingsgenoot, Departement Filosofie

Universiteit van die Vrystaat

RaathA@ufs.ac.za

<http://orcid.org/0000-0002-1198-5234>

Light from Light

The metaphysical tradition of metaphorical numenousness of light and its deposition in Andrew Murray's theology

The symbolism of mystical consciousness, broadly speaking, belongs to three distinct kinds of temperament: Firstly, the idea of pilgrimage as a spiritual quest on man's homeward journey to the Absolute; secondly, bridal mysticism with its deep mystical emphasis on the union of love between the Divine Word (as the Bridegroom) and the human soul (as the Bride), and, thirdly, the imagery of the New Birth and the remaking or transmutation of the self in its quest of unification with the Absolute. The metaphors in all three mystical traditions cover images rich in mystical symbols. Andrew Murray's use of mystical imagery is no exception. His use of mystical metaphors include many references to light imagery expressive of his mystical orientations viz. God's working, and the place where He gives His life and light is in the heart, deeper than all thoughts; take time to meditate and to worship, until the light that comes from the

1 Die skrywer se waardering vir dr M. Wolvaardt se redigering en taalkundige ondersteuning by die skryf van die artikel.

throne of God has shone into you, and you have seen your union with Christ, and, dwelling in God you dwell in the very fountain of all light. In this article, Andrew Murray's reliance on a number of mystical traditions is discussed; secondly, the implications of Murray's light mysticism are evaluated in the context of the metaphysical traditions of the mystical numenousness of light metaphors in the Medieval spiritual tradition. It is concluded that Murray's mystical leanings are towards the mystical temperament of the transmutation of the mystical consciousness in the line of Plotin, Augustine, Ruysbroeck and Boehme.

Slutelwoorde:

Andrew Murray, lig, metafisies, metafories, mistiek, numineus

Keywords:

Andrew Murray, light, metaphysical, metaphorical, mysticism, numenous

1. Inleidend

Mistieke beskrywings, asook artistieke en spirituele voorstellings, bevat 'n ryke verskeidenheid van simbole, metafore en beelde. Studente van die mistiek gebruik dit as identiteitsbepalende kriteria om drie breë Christelik-mistieke strominge en tradisies te onderskei:

- Eerstens, beklemtoning van die transendente en die reis na die hemelse bestemming in die pelgrimsmistiek,
- tweedens, uitinge van wedersydse liefde en bruidsmistieke simboliek, en
- derdens, beelde van die goddelike immanensie in die spirituele sentrum van die mens se bestaan en beskrywings van transmutatiewe simboliek.

Hierdie drie onderskeidinge berus hoofsaaklik op verskille in persone se spirituele temperament, wat in formules neerslag vind om uitdrukking te gee aan die transdensie van die sintuiglike werklikheid (Underhill, 1911:151). Dit vorm ook die ondergrond van hierdie navorsing oor die neerslag daarvan in Andrew Murray se mistiek-numineuse ligmetaforiek.

Die temperamentele voorkeur in die drie tradisies verskil: By pelgrimsmistiek is die tema die swerwer wat spiritueel soekend na sy verlore tuiste, huiswaarts keer, of na die Hemelse Sion onderweg is; by die bruidsmistiek die hartstog

na die volmaakte geestesgeliefde of die smagtende begeerte na innerlike reinheid; by die derde tradisie die volmaakte spirituele vervulling deur die transmutatiewe krag van begeerte na innerlike suiwerheid en volmaakte spirituele geluk. Die simboliese en metaforiese uitdrukkings van die sug na transendering van die sintuiglike werklikheid en die spirituele bewussyn van bestemmingsverwesenliking van die mistieke persoonlikheid is egter tussen die drie tradisies nie wedersyds uitsluitend nie.

Evelyn Underhill merk op dat al drie uitdrukkings van die spirituele bewussyn dieselfde bestemming in die oog het: Die hegte, ware en volmaakte intieme gemeenskap met die Ewige Werklikheid van God. Slegs die metaforiese en simboliese beskrywings van die temperament op die mistieke weg verskil van mekaar. In Dante Alighieri (1265-1321) se *Goddelike Komedie* staan die mistieke liefdesvervulling byvoorbeeld geteken as eindbestemming van die reis na die geestelike Jerusalem (Dante, 1892). Vir Walter Hilton (oorlede 1396) is Jerusalem die simbool van spirituele vrede en kontemplasie van die volmaakte liefde van God (Hilton, 1901) en vir Johannes Ruysbroeck (1293-1381) is die mistieke gang gerig op die inwaartse lig en liefde in ewige aktiwiteit en *in God in ewige rus* (Ruysbroeck, 1983), dus 'n spirituele tog wat elemente van God se lig en liefde bevat en wat 'n transformatoriese uitwerking op die mistieke gemoed het.

Die bruidsmistieke beelde van menslike liefde en huweliksvreugde vind sy bestemming in die omhelsing van die Volmaakte Liefde, soos Bernardus van Clairvaux dit (1093-1153) affektief beskryf as die liefdesband tussen die Goddelike Bruidegom en die menslike sielsbruid (Bernard van Clairvaux, 1987). Hierdie beskrywings bevat ook elemente van die spirituele reis ter liefdesvervulling en die transformatoriese werking van die liefde. By transmutatiewe mistici staan die temperamentele bewussyn van onvolmaaktheid in jukstaposisie teenoor die onuitspreeklike volmaaktheid van die Absolute Lewe waarheen hul onderweg is. Dit is dus transmutasie van die selfheid by aflegging van die skepsel en bekleding met die Skepper by die *Theologia Germanica* (veertiende eeu) (Anon, 1980), wat tiperend is van die spirituele alchemiste soos Jacob Böhme (1575-1624) (Böhme, 1764 II).

In die teologiese werke van Andrew Murray (1824-1917) ontbreek dit eweneens nie aan mistieke simboliek, metaforiek en beelde ter uitdrukking van die mistieke weg nie. Dit is veral die metaforiek van lig wat in Murray se mistiek na vore kom en dikwels in verband staan met die motief van liefde. Voorbeelde hiervan is die volgende:

- God straal in Christus in ons harte die lig van sy glorie, van sy liefde, (Murray, 2018a:82).
 - God ontmoet sy kinders in die grootheid en sagmoedigheid van sy liefde om in hul harte die lig van die kennis van die glorie van God in die aangesig van Jesus Christus te skyn (Murray, 2018a:107).
 - Die lig van God se liefde sal oor die toegewyde bidder verrys (Murray, 2018b: 26).
 - Christus se tere liefde is 'n lig (Murray, 2018b:119) en dit straal ook uit die goeie werke van God se kinders (Murray, 2019:17).
-

Vervolgens word twee aspekte van Murray se ligmetaforiek ondersoek: Eerstens, die mistieke tradisie(s) waarby hy aansluiting vind en daarna, die spirituele rol van ligbeelde in Murray se spiritualiteit.

2. Mistieke tradisies

2.1 *Die Neoplatonistiese lumineuse mistiek*

Plotinus (205-270) se leer van die *Nous* was die vertrekpunt vir mistieke standpunte by Aurelius Augustinus en ander Kerkvaders. Die *Nous* is, volgens Plotinus, nie alleen die laaste grond van kennis en die eenheidsbasis van die Platonistiese werklikheid van idees nie, maar ook die werkende grond en oorsaak van die mens se kennis. Dié rasonele deel van die siel word van “boue gevul en verlig”: “So the first part of soul which is above and is always being filled and illuminated by what is above remains in the intelligible world, while the other part, by means of the first participation in it as participant, goes forth in participation” (Plotinus, 2018:3.8.5).

Die *Nous* is voorts die vormende beginsel van die denkende siel waarmee dit in die verhouding van vorm en materie staan. Die werking van die *Nous* op die hoëre siel en die waarheid van die goddelike lig staan in noue verband met mekaar. By die uitdrukking van die fyner nuanses van die Neoplatonistiese ligmetaforiek speel Plato (c.427-c.347) se verwysings na die son as opperste ligbron 'n belangrike rol: Wat die werking van die son in die ryk van die sigbare werklikheid is, is die Goeie in die wêreld van die intelligebele. By beide word alles deur die lig kenbaar gemaak: Die son vir die oog en die Goeie vir die verstand. By Philo (1ste eeu n.C.) ontwikkel die ontologiese Ligteorie tot 'n volwaardige filosofiese en teologiese tradisie waarin God die rol van die Oerlig vervul. Laasgenoemde is nie metafores te begryp nie, maar die goddelike lig vervul die rol van die ware Lig.

Die Platonistiese beeld van die son word by Plotinus begripsmatig versterk en deur die verduidelikings van die beginsel van emanasie spiritueel diensbaar gemaak. Die Goeie, die Oerprinsipe van alles, word met die Lig, die *Nous* met die son en die siel met die maan vergelyk. Die Oerwese is vir Plotinus die Lig en word ook die “Groot Lig” genoem. Die konsep van “uitstraling” word dus die denkmiddel om die goddelike emanasie nader te beskryf: “For there is something like a centre, and in addition to it a circle shining from it, and in addition to these another circle, light coming from light. But outside these there is another circle no longer of light; this one needs the brightness that belongs to another, since it is lacking its own light” (Plotinus, 2018:4.3.17, 18).

Die middelpunt van die ligkring is die “Een”, die eerste kring is dié van die *Nous*; die tweede is die AI-siel wat die idees van die *Nous* ontvang; die derde is die sinuïglieke werklikheid waarin die AI-siele se rasonale element versink. Van die Oerlig gaan gevolglik ’n ligskynsel uit wat algaande swakker word. Daarom aanskou die intellek nie alleen dit wat van buite verlig word nie, maar beskik self oor ’n lig wat nie dié is wat deur die lig van die son omvat word nie. Proklus (c.412-485) – die “skolastikus van die Neoplatonisme” – het dié beskouing oorgeneem, maar minder van die ligmetafisika vir die sistematiek van die intellektuele werklikheid gebruik gemaak. Die lig speel by hom ’n groter rol as verbindingsmiddel van die empiriese werklikheid met die hoër werklikheid.

Die Kerkvaders neem ’n akkommoderende standpunt teenoor die Neoplatonisme in. Gregorius van Nyssa (c.331-395) maak byvoorbeeld nie alleen gebruik van Plato se ligmetafisika nie, maar beskou ook die goddelike Lig as Lig in die volle sin van die woord (Gregorius, 1978). Dit was egter veral Plotinus wat die inwerking van die *Nous* op die siel illustreer deur numineuse uitdrukkings wat by Middeleeuse mistieke strominge inslag gevind het. Deur die Neoplatonisme het die ligmetafisika deel van die Middeleeuse Christelike spiritualiteit geword: “Die in allen Grundzügen abgeschlossene Form hat jene Metaphysik des Lichtes durch den Neoplatonismus erhalten, insbesondere durch Plotin und nach andere Richtung hin – durch Proclus” (Baeumker, 1913:366).

2.2 Die Augustiniese ligmetaforiek

Wilhelm Windelband tipeer Aurelius Augustinus (354-430) se filosofie as metafisika van die innerlike ervaring (Windelband, 1898:214-215). H. Siebeck beskryf die Augustiniese mistieke blik op die sielelewe as een ván die innerlike ná die innerlikste – nie dié van die innerlike na die uiterlike nie;

dus die ervaring en aanskoue van God in die hart (Siebeck, 1890:189 e.v.). In sy *Vera Religione* doen Augustinus in hierdie verband 'n oproep om na binne te keer in die soeke na die waarheid: “Do not go abroad. Return within yourself. But remember in doing so that you must also transcend yourself even as a reasonable soul” (Augustinus, 1964:69).

Dié grondtoon weerklink deur verskeie ander Augustiniese geskrifte (Augustinus, 1957). Hoe meer die mens op die innerlike konsentreer, des te meer word die waarheid sy deel, verklaar hy (Augustinus, 1698). Die intelligibele sluimer in die dieptes van die menslike gees. By Augustinus oorheers die sug van die siel tot God; die drang na vereniging met Hom – die Bron van die Lig en die Krag. Augustinus het die Platonistiese ideëwerklikheid na die goddelike intellek verplaas. Die mens staan in sy gees in onmiddellike verhouding met God en geen geskapene staan daartussen nie (Augustinus, 1964:par. 113).

Wanneer Augustinus van die werking deur “uitstraling” of “verligting” melding maak, lê die verband met die Neoplatonistiese ligmetafisika voor die hand. Die metaforiese gebruik van die ligmotief by Augustinus het egter 'n dieper betekenis, wat tot die groter historiese samehange behoort en wat binne die konteks van die rol en betekenis van Lig in die Neoplatonistiese filosofie verstaan moet word. Teen dié agtergrond moet Augustinus se teorie van goddelike verligting beoordeel word (Baeumker, 1908; 1913). Baeumker vat die kern van die metafisiese ligmetaforiek van die Middeleeuse Christelike denke in 'n neutedop saam. God is vir hom die Lig wat die mens omstraal (Baeumker, 1913:358).

Augustinus het die wesenlike bestanddele van die Neoplatonistiese ligmetafisika oorgeneem. God is vir hom Lig. In die fisiese werklikheid is die Lig die Eerste, die skoonste en bekwaamste. In sy *Soliloquies* verduidelik Augustinus: “God, Intelligible Light, in whom and by whom all shine ...” (Augustinus, 1910:3). God is die bron van die intelligibele Lig: “Can you describe this intellectual light, which gives us a clear perception of the distinction between those things themselves? And yet even this is not the sense in which it can be said that God is light. For this light is created, whereas God is the Creator; the light is made, and He is the Maker; the light is unchangeable” (Augustinus, 1872:xx.7).

In sy werk, *On the Holy Trinity*, plaas Augustinus voorts die klem op God as die Ewige Waarheid, wat ook Lig is, “... not in such a way that these eyes see, but in such a way as the heart sees, when it is said, He is truth” (Augustinus, 1873:204). God se verhouding tot die intelligibele werklikheid belig hy aan die hand van 'n beeld wat aan Plato ontleen is: “For the earth is

visible and light is visible, but the earth cannot be seen unless made visible by light. So it is with those things treated of by the sciences, which he who apprehends concedes to be most true, and yet is not credible that they can be apprehended, unless made manifest by some illumination, by some other sun, as it were their own. Thus, as of the sensible sun, we may predicate three things: namely, that it is, that it shines, that it makes objects visible; even so may we predicate three things of that mysterious God whom you long know: viz., that He is, that He is apprehended, that He causes other things to be apprehended” (Augustinus, 1873:26).

In teenstelling met Plotinus se emanasiedenke, beklemtoon Augustinus ook die eenheid van die goddelike wese: “This light is one divine being, in an inseperable triune existence ...” (Augustinus, 1872:XX.7) en in sy *De Genesi ad Literam*: “The light born from God is one thing, the light which God made is another. The light born from God is the very Wisdom of God, but the light made by God is something mutable, whether corporeal or incorporeal” (Augustinus, 2001:158). Die aanknopingspunt tussen die Neoplatonistiese ligmetafisika en die Christelike ligmetaforiek lê opgesluit in Augustinus se beoordeling van die evangelie volgens Johannes: Wanneer die Neoplatonistiese leer dat die denkende siel slegs God bo hom het en van daar die lig van waarheidskennis ontvang, sluit dit aan by die gedagte van Johannes, waarvolgens die denksiel (Johannes 1:8) nie self lig is nie, maar deur deelname aan ’n ander ware lig skyn: “But we have thought it better to plead our cause with the Platonists, because their writings are better known ...” (Augustinus, 1909:VIII.10).

Ook die wese van die ligmetaforiek voer Augustinus na die Neoplatonistiese ligmetafisika terug vir sover dit nie deur die Christelike standpunte van die Kerkvaders gekorrigeer is nie. Sonder om egter die Neoplatonistiese aanknopingspunte prys te gee, vind ons in sy *De Civitate Dei* die gedagte van goddelike inspraak naas die idee van goddelike verligting deur die Lig van die ewige Waarheid: “The immanent soul is illumined with the immaterial light of the simple wisdom of God, as the material air is irradiated with the material light, and that, as the air, when deprived of this light, grows dark ...” (Augustinus, 1909: XI.2 & 10). In sy *Confessiones* voeg Augustinus die gedagte van interiorisasie as voorwaarde vir goddelike verligting by: “I entered into my inward self, Thou leading me on; and I was able to do it, for Thou ... become my helper. And I entered, and with the eye of my soul ... saw above my mind, the Unchangeable Light? not this common light, which all flesh may look upon, nor, as it were, a greater one of the same kind, as though the brightness of this should be much more resplendent, and with its greatness fill up all things” (Augustinus, 1838: VII.16 e.v.).

Die invloed van Augustinus het 'n deurslaggewende rol in die Middeleeuse filosofie en teologie gespeel. M. Grabmann beskryf dit as van geweldige omvang: "Auf philosophischem Gebiete ist es vor allem die 'augustinische' Lehre vom Schauen der Wahrheiten im Lichte der göttlichen Ideen, die auf die mittelalterliche Spekulation einen mächtigen Einfluss' ausgeübt hat" (Grabmann, 1906:59).

2.3 Ruysbroeck en die Middeleeuse mistieke ligmetaforiek

2.3.1 Ligmetafisika in die Middeleeuse mistiek

Die goddelike essensie (of substansie) wat volgens die introvertiewe mistici, soos Johannes Ruysbroeck (1293-1381), die dieptepunt van die menslike gees is, is die "vonkie van die siel" (Meister Eckhart (1260-1329)); die "grond" (Johannes Tauler (c.1300-1361)) en die "innerlike lig" (in die Kwakerspiritualiteit). Die mistieke fokus is die bewuste vereniging met die lewende Absolute, die Ongeskape Lig, waardeur die heelal verlig word. Ruysbroeck vind aansluiting by die Middeleeuse mistieke tradisie waarvolgens die ongeskape lig figureer as die *lux vivens* (Hildegarde (1098-1179)) of *summa luce* (Dante Alighieri (1265-1321)).

Die verligting van die menslike selfheid word in terme van die mistieke illuminasie beskryf as 'n oorvloeiing van die mens se persoonlikheid deur lig; 'n ongeskape son verskyn bo die horison en verander die skemer-wêreld van ons aardse bestaan. Ligmetaforiek word by uitstek die medium om die metafisiese illuminasie tot uitdrukking te bring – 'n werklike en oormeesterde bewussyn van helder lig, onuitspreeklik in heerlijkheid. Jacopone da Todi (oorlede 1306) sing van onuitspreekbare liefde, ondenkbare goedheid en lig wat oorloedig in die hart skyn. Mechthild van Maagdenburg (1212-1299) beskryf dit metafories as die stromende lig van die Godheid. Hildegarde van Bingen (1098-1179) se *Lux vivens ducit* beskryf haar gewaarwordinge, deur lig omgewe, as meer helder as die son, terwyl dit vir St. Teresa (1515-1582) die ewigdurende lig is wat nooit verdof nie.

2.3.2 Ruysbroeck en die kenbaarheid van die lig

Menslike wysheid en rede is beperk en nie in staat om God te ken nie. God openbaar Hom deur sy Gees wat eweneens nie deur die natuurlike vermoëns van die mens geken kan word nie. Ruysbroeck tref dus 'n onderskeid tussen die vleeslike en geestelike oog: Die vleeslike oog neem sintuiglik waar, terwyl die geestelike oog die spirituele en bonatuurlike waarneem. Die voorwaardes vir aanskoue

met die vleeslike oog is drieërlei: Sonlig, of ander bronne van geskape lig wat die mens se waarnemingsveld verlig, die vrye wil om beelde van die waarneembare te vorm en die afwesigheid van hindernisse wat die mens se sig beperk. Waarneming met die geestelike oog is eweneens afhanklik van die nakoming van drie voorwaardes: Die lig van God se genade, die wil wat op God gerig is en die gewete wat nie met dodelike sondes besmet is nie.

Volgens Ruysbroeck verlig God alle mense, hemel en aarde en elke mens volgens sy behoefte en waarde. Die lig van God se genade is 'n vrugbare tak wat uit die lewende paradys van die ewige koninkryk opskiet: "The light of the grace of God is a fruitful branch, coming from the living paradise of the everlasting kingdom. There is no deed which may be of good flavour or of profit to men which does not grow from this branch: and this branch of the grace of God, which makes men pleasing to God, since by it men deserve eternal life, it is offered to all men, but yet it is not planted in all men. This is because they will not prune their tree of its wild growth, that is, unbelief, or their perverted disobedience against the commandments of God."

Ruysbroeck maak ook melding van insidentele verligting van die siel, wat naas die alomteenwoordige verligting van God, by geleentheid die mens te beurt val. Hieroor skryf hy: "And man has also a natural inclination towards good by means of the sudden illumining of the soul and the *ratio superior*, so that always he desires the good and hates the bad. In these ways God touches all men."

Ruysbroeck beskryf die lig van God se genade ook as 'n ligstraal – soos dié van die son – wat skielik in die siel skyn: "For in this light God gives to men His free riches and liberality, God Whom no creature may deserve before he possesses Him. And this is God's secret working in the soul, above time, and it moves the soul and all its powers" (Ruysbroeck, 1983:50).

Die ongeskape lig wat daagliks die menslike siel oorskyn, word voorts deur Ruysbroeck metafoeries beskryf as die strale van die son wat in 'n vallei skyn en die vrugbaarheid van die vallei verhoog. Wanneer 'n goeie mens in die diepte van sy wese oor sy nietigheid peins, erken dat hy niks het nie en niks is nie, erken hy sy eie armoede en behoefte en skep 'n vallei van nederigheid, waarop die ongeskape lig val en dit vrugbaar maak (Ruysbroeck, 1983:58). Christus is die ewige Son wat in ons hart opgaan, lig gee, die hart wegtrek van die veelvuldigheid van aardse dinge en enkelheid en innerlikheid meebring en die hart met innerlike liefde laat swel (Ruysbroeck, 1983:100). Ruysbroeck se

metaforiese gebruik van die son as ligbron, gee 'n aanduiding van die geestelike vrugbaarheid en eenwording met die Eenheidsbron van alle goed.

Dié metaforiese toespelings word ook met die simbool van die boom wat in die hart veranker is, in verband gebring: Soos die son opwentel na die hoogste punt van sy baan, wek dit die sterkste groeikrag in bome en alles wat op die aarde groei. Só ook wek Christus (die helder Son) groeikrag in die menslike gees, wanneer Hy as die helder Son in ons harte verrys: “When the sun has mounted as high in the heavens as it is able ... so that it cannot go any higher, but now begins to decline, then its heat is greater than at any other time of the year ... In the same fashion, when Christ the Divine Sun is exalted as high as may be in our hearts, that is to say above all gifts and consolation and sweetness that we are able to receive from Him ... then Christ is exalted into the highest place in our hearts, and wishes to draw all things to Him ...” (Ruysbroeck, 1983:111).

2.4 *Böhme se insigte*

2.4.1 *Oor God as Lig en Liefde*

Böhme se liefdesmistiek volg die tradisie van Meister Eckhart, Johann Tauler (c.1300-1361) en die *Theologia Germanica*. Die wil verenig met die emosies in 'n passiewolle begeerte om die sintuiglike werklikheid te transendeer ter vereniging van die menslike Self met die Een – die ewige en hoogste Objek van liefde. Liefde en lig is die metafore wat die teosofiese mistiek vertolk.

Böhme was 'n eksponent van die teosofiese waarheidsopenbaring dat wysheid in God onthul word: “... when that [the Love of God] is given to a man, then that soul standeth in the knowledge in the wonders of God, which [soul] speaketh not of things strange and afar off, but of the things wherein it standeth and of itself for it becometh seeing in the light of God, so that it know itself” (Böhme, 1764 II: 4). Dit is 'n wysheid wat God nie bloot as onderwerp het nie, maar as beginsel van waarheid. God se openbaring in Skriftuur en natuur word eers betekenisvolle waarheid deur innerlike verligting van God se Gees (Martessen, 1885:2).

Die metaforiese klem op God as Lig by Böhme volg die tradisie van Augustinus, Dionisius (c.475), Bonaventura (1221-1274), Dante en Teresa. Dionisius skryf byvoorbeeld oor die bonatuurlike lig van God: “Intangible and invisible darkness we attribute to that Light [i.e. God]

because It so far exceeds the visible light” (Dionisius, 1920:VII.2). Duisternis is die ekwivalent van vuur; smeulende vuur wat self nie lig gee nie; vuur is die goddelike “substansie” van die siel. By Böhme is Jesus die Woord en Lig. Die mistieke teosofie van Böhme is “... mysticism of the mind, ... attracted, not only to the microcosm, but to the macrocosm, to the universe and universal life in all its multiplicity it beholds only one – God, the Living and True” (Martessen, 1885:19).

Mistieke metaforiek om die Absolute – die bestemming van die mistieke reis – te beskryf, word afwisselend genoem die Absolute, die Goddelike Lig en Waarheid (Böhme, 1764 I:vi, xiii, 5, 12), die Ewige Matrix van Duisternis (Böhme, 1764 I:44, 45, 62, 63), die Goddelike Grond (Böhme, 1781 IV:80, 82, 222) en die Ongeskepe Lig, wat die heelal deurskyn, alle geskapene transendeer en slegs as *duisternis* aangedui word. Teosofiese mistiek word gedra deur die mistiek van die hart, gerig op die redding en perfeksonering van die individu, in die persoonlike verhouding tot God en in geloof en biddende liefde, “... and such are these, who ... with their Love, Meekness and industrious earnest Desires, and Kindlings of Love with their Prayers quench the Wrath-fire ...” (Böhme, 1764 I:149). Die maagd Sophia, die ewige Idee, die hemelse Wysheid, onthul nie alleen die goddelike misteries nie, maar verbind haar deur die mens na God en Christus te lei, vertroos hom in al sy angs en nood en lei hom in vrede tot redding (Böhme, 1781 IV:3).

2.4.2 Oor kennis van God in die hart

Böhme stel dit dat kennis van God deur die hart verkry word. Slegs deur die liefde kan God in waarheid geken word, “... so that Man must acknowledge, that this Knowledge is not his own, but from God, Who manifests the Ideas of Wisdom to the soul of Man, in what Measure he pleases” (Böhme, 1764 I:xvi). Hierdie is ’n standpunt wat hy veral in sy *Aurora* en *Drie Beginsels* in besonderhede bespreek. Ons ken God uit sy werke, voorts uit sy kenmerke, maar agter hierdie kenmerke is die Oneindige en Ondeurgroendelike wese, wat Homself in ’n ontoeganklike lig verhuul (Böhme, 1764 I:v). By die mens, geskepe na die beeld van God, is daar ’n uiterlike lewe van denke en affekte, van woorde en handeling, maar binne die mens is daar kragte, die bronne waaruit die uiterlike lewe van die mens ontspring – die begrip, affeksie, die wil.

Nog dieper lê die diepste kern van die siel, wat in die Skrif genoem word die gees, soms die hart, waarin die lewe sy geheime wortels het, waar die verborge karakter te vind is en van waaruit al die uitinge van

die lewe voortkom: “... in the Mind it has its open Doors or gates, but in the Heart it has its seat, Residence and Original, where it exists out of all Powers” (Böhme, 1764 I:47).

Böhme beskryf die dialoog tussen die maagd Sophia en die innerlike Grond van die mens (Böhme, 1781 IV:23). Die “Grond” is die plek in die siel wat kontak met God het – ’n verborge misterie. Sy tipering van die setel van die misterieuse dieptepunt waar God in die menslike siel inwoon, as *Urgrund*, staan waarskynlik die naaste aan Meister Eckhart se *Grund* – die grond van die denke, oftewel *apex mentis* (Eckhart, 1978:147, 107). Die menslike rede vorm begrippe en sy beeld van God; maar die Verborgene, die Ondeurgrodelike Een Self, kan nie met die rede waargeneem word nie.

3. Andrew Murray se mistiek-numineuse ligmetaforiek

3.1 *Die introversiewe lig: Die Augustiniese metafisika van die innerlike ervaring en die Ruysbroeck-metafoor van die boom*

Andrew Murray volg die Augustiniese weg van die innerlike na die innerlikste ervaring en aanskoue van God in die hart. In *A Life of Obedience* wys Murray daarop dat hierdie diepste setel van mistieke ervaring in die hart setel, “... the place where He gives His life and Light, is in the heart, deeper than all our thoughts” (Murray, 2004a:74). Sy mistiek is transendering van die rasonele na die intelligibele wat sluimerend wag op die goddelike lig en uiteindelijke vereniging met God. Die lig van God wat in die afgesonderde aanbidding skyn, is dié van sy aangesig (Murray, 2015a:17-18). Die lig van God in die binneste van die hart is die bedding waaruit die vrugte van vereniging met God spruit. Murray se geliefkoosde metafoor is dié van die boom. Soos die wortels van die boom diep in die grond gebed is en die boom opwaarts na die lig groei, is die vrugte van geloof afhanklik van die lig van God se aangesig wat die menslike hart omskyn: “... a tree’s roots are hidden deep in the ground while its stem or trunk grows upward to the sunlight”, en “we need to be in daily communication with the fountain of Light” (Murray, 2011:174). God – die Een – is die bron van lig en gee die lewe en lig in die hart – dieper as alle denke (Murray, 2011:32). Die siel, ontledig van wêreldse beelde, passief en rustend in Christus, is voorbereid om die lig van God waar te neem (Murray, 2004b:24 e.v.). Die vleeslike oog is nie in staat om die goddelike lig waar te neem nie. Slegs die siel, as metaforiese oog, beskik oor die vermoë om die goddelike lig te aanskou (Murray, 2016a:36 e.v.).

Christus is die uitstraling van God se glorie en die uitdruklike beeld van God se substansie en, voeg Murray by, "... as we only know the sun by the light that shines from it, so is Christ the outshining of the revelation of God's glory". Soos die lig van dieselfde substansie as die son is, is die Seun van dieselfde aard as die Vader (Murray, 2014a:24). En soos die lig van die son die hele lug vul, omskyn die lig van die hemel die hart (Murray, 2014a:52). Die verlies aan lig van die glorie van God, skryf Murray in *Holy in Christ*, beteken dat ons die krag van kennis van sonde verloor: "The light of the knowledge of the glory of God that He gives into our hearts. The glory is that which can be seen and known of the invisible and unapproachable light: that light itself, and the glorious fire of which that light is the shining out, that light is the Holiness of God" (Murray, 2014b:58).

3.2 Die verligting van die menslike selfheid: Platonistiese ligmetafisika en Middeleeuse ligmetaforiek by Murray

Murray se mistieke metaforiek is sterk aan die Neoplatonistiese ligmetafisika en Augustiniese ligmetaforiek gekoppel, met klem op God as trinitariese ligbron. Die Augustiniese ligmetaforiek het veral deur Meister Eckhart se kommentaar op Handeling 9:8 inslag in die Duitse mistieke denke van die Middeleeue gevind: Die son is die natuurlike ligbron wat die hele aarde verlig, dog die hemelse lig kan nie deur die sintuiglike oog waargeneem word nie; God kan slegs deur lig van die Godheid kontemplatief waargeneem word. Die meditatiewe afsondering is, volgens Murray, die weg om die goddelike Lig te ervaar: "Take time to meditate and to worship, until the light that comes from the throne of God has shone into you, and you have seen your union with Christ, skryf hy in *Abiding in Christ*" (Murray, 2004b:49).

Die lewe in God is 'n lewe in die fontein van alle lig (Murray, 2004b:50) en Christus is die lig en lewe van die wêreld (Murray, 2004b:104). Ons ken die son deur die lig wat daaruit skyn; netso is Christus die radiasie van die openbaring van die glorie van God. Murray gebruik dus die Neoplatonisties-Augustiniese metafoor van die son analoog tot die sonlig wat genadiglik in die menslike siel skyn.

In sy *Holy in Christ*, getuig Murray van die Lig van die Drie-eenheid – Vader, Christus en Heilige Gees. God as die Heilige is 'n Verterende Vuur – Hy is Lig en bewoon ontoeganklike lig, die Heilige Gees is God se brandende suiwerheid, "His searching and convicting light ..." (Murray, 2014b:116, 134, 143), terwyl Christus soos die lug is wat ons omring, wat op ons skyn: "... here is my Lord Jesus with me in His hidden but Divine and most real presence"

(Murray, 2014b:212). Die wil van God kom dus tot ons in die lig van Christus se lewe en sy liefde (Murray, 2014b:213), terwyl die lig van God se wil deur die Heilige Gees in ons harte skyn (Murray, 2014b:235).

3.3 Murray se Trinitariese ligmistiek: Die motief van die mistieke oog in die Augustiniese spiritualiteit

Murray onderskei tussen die vleeslike en die geestelike oog volgens die mistieke tradisie van Augustinus, Eckhart en Ruysbroeck. In sy *De Trinitate*, skryf Augustinus oor die siel se vermoë om tot mistieke kennis te kom, dat die denke die funksie vervul van die hoof, oog, of voorkoms van die siel (Augustinus, 1948:XV.7.11). Soos die oog 'n ingeskape vermoë het om lig waar te neem en die oor om te hoor, skryf Murray, beskik die menslike siel oor die vermoë om God se lig te kan sien (Murray, 2015a:12 e.v.; 2002:21). In sy *With Christ in the School of Prayer* beklemtoon hy dat 'n lewe in harmonie met God die voorwaarde is om God en die hemelse lig te ken: "The eye has an inner fitness for the light" (Murray, 2018b:18). Die Gees openbaar en verlig die oë van die hart (Murray, 2019:16).

Murray benut voorts die Middeleeuse grondmotief van natuur en genade om die gebruik van die bron van, aard en werking van die ligmetafore in die spirituele domein te beskryf. In sy *Divine Healing*, maak hy die verwisseling van lig en duisternis in die natuurlike domein ook van toepassing op die koninkryk van genade: "... sometimes light and sometimes darkness ... as this was so in nature, the same hold good in the kingdom of grace" (Murray, 2013:169).

3.4 Uitstraling en verligting van die Middeleeuse ligmetaforiek by Murray

Vir Murray is die geestelike hemel – soos die geskape uitspannel – die bron van alle lig. In sy *The Ministry of Intercession*, verduidelik hy dit soos volg: "Just as the heaven, our natural eye can see is one great ocean of sunshine, with its light and heat, giving beauty and fruitfulness to earth, Scripture shows us God's true heaven, filled with all spiritual blessings, – divine light and love and life, heavenly joy and peace and power, all shining down upon us" (Murray, 2016b:46). Hy beklemtoon die uitstraling van God se lig in en deur Jesus Christus. Christus is die lig en lewe van die siel: "He [Christ] is the outshining of God's glory, and the express image of His substance. As we only know the sun by the light that shines from it, so is Christ the outshining, the revelation of God's glory" (Murray, 2014a:24). Die uitstraling van goddelike lig op die ontvanklike siel transformeer die mens se wese in vlamme van liefde, "... blessed the man who knows his God as a consuming

fire. But woe to him on whom the fire of God descends, as on Sodom and Gomorrha” (Murray, 2014a:545).

Christus se mistieke teenwoordigheid is soos die lug wat ons omring, soos die lig wat op ons skyn, “... here is my Lord Jesus with me in His hidden but Divine and most real presence” (Murray, 2014b:212). Die oopstelling van die hart vir die Lig van God wek die wil op om God in besit te neem: “Let us yield ourselves wholly to God’s Spirit, that He may fill our wills with light and with power, to know, to take, and to possess all that our God is waiting to give a will that takes hold of Him” (Murray, 2002:189). Die mistieke radiasie van God se Lig wek die kinders van God op tot die geloof dat God se aangesig heeldag op hul skyn, dat hulle die lig van sy aangesig heeldag sal geniet en dat die vreugde van die hemel hul harte kan vul. Murray doen ’n beroep op die mens dat hy homself vir God se uitstralende lig moet oopstel: “Let us throw open the windows and bring in the sunlight with its warmth and cheerfulness! May our hearts learn every moment to drink in the light and sunshine of God’s love” (Murray, 2010:93).

3.5 Ligmetaforiek en liefdesmistiek by Murray

Christus is die grond waarin die vrug van die goddelike lig – die boom en vrugte van die mistieke eenwording met die godheid – verborge is. In *Holy in Christ* beskryf Murray Christus as “... the ground in which is planted and rooted the soil from which I draw as my nourishment its very quality and its very nature” (Murray, 2014b:23). God is die verborge grond van lewende geloof, gemeenskap en verhouding met die siel: “As the living God, He is all and does all and fills all – the ever-present, ever-working God” (Murray, 2014a:316). Christus dring nie alleen die menslike wese binne nie, maar verenig met die diepste wese van die mens – ’n eenwording wat Murray soos volg beskryf: “Yes, Jesus with His divine, His heavenly life, in the power of the throne on which He is seated, has entered into the deepest ground of our being ... and is there unceasingly carrying out His work of lifting us heavenward into God’s presence, and of making God’s heavenly presence on earth our portion” (Murray, 2014a:380).

Sowel die metafoor van die spirituele boom as die motief van natuur en genade staan in verband met die mistieke ligmetaforiek. Daar is tientalle voorbeelde hiervan by Murray, waarvan die volgende enkele voorbeelde is:

- Dit is die lig van die Vader se liefde (Murray, 2004b:219).
- Die Heilige Gees is die lig van God se liefde (Murray, 2013:154).
- Afgesonderde aanbidding laat die lig en liefde van die Allerhoogste skyn in dié heilige plek (Murray, 2014a:299).

- Lig van God se heilige teenwoordigheid en liefde, is ook die volle vereniging en gemeenskap met Hom (Murray, 2014a:367).
- Die lig van God transformeer mense se wese in vlamme van vuur (Murray, 2014a:545).

4. Samevatting en slot

Die aanvanklike navorsingsvrae lei dus tot die volgende gevolgtrekkings:

Alhoewel Andrew Murray nie 'n sistematiese uiteensetting van sy mistieke opvattinge oor lig – hetsy metafisies of metafories – verskaf het nie, is die hele korpus van sy teologiese werk deurspek met altwee elemente. Dit sluit rondom sleuteltemas aan by verskeie strominge in die Westerse mistieke tradisie.

Die Platonistiese en Augustiniese momente van Murray se mistiek sluit aan by mistieke beklemtoninge van onder andere Plotinus, Augustinus, Eckhart, Ruysbroeck en Böhme en verleen aan sy teologiese denke 'n komplekse veelkleurigheid van mistieke beskrywinge, beelde en metafore wat tot 'n selfstandige (en unieke) korpus van immanente mistieke fokus, mistieke introversie, illuminasie, kontemplasie, ontwaking en vereniging met God ontvou.

In aansluiting by Böhme en andere, ontluk Murray se mistiek tot 'n Trinitariese spiritualiteit, waarin die koninkryk van die hemele 'n vergestaltung is van die Godheid – Vuur, Lig en Gees. Die Vader is die Vuur wat Lig genereer, Christus die onderskeibare manifestasie in die Lig en die Heilige Gees dié een wat die hart tot die ongeskape Lig keer. Vuur, Lig en Gees vorm die ewige natuur van die Koninkryk van die Hemele – die hemelse Jerusalem. Die Trinitariese illuminasie van die menslike selfheid geskied dus as mistieke radiasie en oorfloeiing van die mens se persoonlikheid met goddelike Lig. Soos by Böhme, staan materialiteit in deurlopende lewe en lig. Die Lig wat van die Triniteit afstraal, is slegs vir die spirituele oog van die siel van die mens toeganklik.

Voorts gaan die menslike persoonlikheid (in Augustiniese terme) die geheime portaal van die siel binne onder God se lig en leiding. Die mistieke oog van die siel aanskou die onveranderlike Lig wat afstraal van die Ligbron wat bo die oog van die siel verhewe is. Dit is nie die gemeenskaplike lig wat vir alle vlees waarneembaar is nie, maar die Lig wat die Liefde ken. Die kennis van die Lig word verkry deur afgesonderde gebedslewe, onderdrukking van sintuiglike kennis in die spirituele sfeer en oopstelling vir die Vuur van

mistieke liefde wat die mens lei na die hoogste doel – die vereniging met God. Die mistieke ontwaking van die menslike selfheid en die vrugte van goeie werke wat daaruit voortkom, straal die Lig van die Godheid af en wek andere wat nog nie tot die Lig gekom het nie, op tot aanskoue daarvan in die lig van God se kinders.

Murray se mistieke teologie kan gevolglik as 'n intermediêre mistieke lyn beskryf word:

Enersyds gaan Murray nie op in die eensydige beleving van die transendente Ewige Werklikheid nie; andersyds is sy mistiek nie afgesluit in die introverte kontemplatiewe gemeenskap met God nie. Bygevolg is mistieke ervarings vir hom nie by uitstek persoonlik of uitsluitlik kosmies en transendentiaal nie. God is vir hom bowe-al die Perfekte Goedheid, Waarheid, Skoonheid, Lig, Lewe en Liefde. Die mistikus word deur kontemplasie na 'n vreugdevolle en persoonlike liefde vir en met die Godheid beweeg.

Murray se mistiek is die spirituele wetenskap van die hoogste waarhede, van die vereniging met die Absolute wat vergestaltung vind in eenwording met die Absolute Lig, Liefde en Lewe. Die doelwit van die mistieke spiritualiteit is die vereniging met die Ongeskepe Lig wat die heelal deurstraal en alle menslike vermoëns transendeer.

Bibliografie

- ANON. 1980. *Theologia Germanica*. Vertaling B. Hoffman. London: SPCK.
- AURELIUS AUGUSTINUS. 1698. "De Immortalitate Animae" in *Animae Humanae Naturae*. Venetus: Hieronymi Albricci: 347-388.
- AURELIUS AUGUSTINUS. 1838. *Confessiones (The Confessions)*. Oxford: J.H. Parker.
- AURELIUS AUGUSTINUS. 1872. "Contra Faustum Manichaeum". *Works, Vol. V: Writings in Connection with the Manichean Heresy*. Vertaling R. Stothert. Edinburgh: T & T Clark.
- AURELIUS AUGUSTINUS. 1873. "On the Holy Trinity". *Works, Vol. VII*. Edinburgh: T & T. Clark.
- AURELIUS AUGUSTINUS. 1909. *De Civitate Dei (The City of God)*. Vertaling J. Healy. Edinburgh: John Grant.
- AURELIUS AUGUSTINUS. 1910. *Soliloquies*. Vertaling R.E. Cleveland. London: Williams & Norgate.

- AURELIUS AUGUSTINUS. 1948. "De Trinitate (On the Holy Trinity)". *Basic Writings of Saint Augustine, Vol. 2*. Vertaling W.J. Oates. New York: Random House.
- AURELIUS AUGUSTINUS. 1957. *Contra Academicos (Against the Academicians)*. Vertaling M.P. Garvey. Wisconsin: Marquette University Press.
- AURELIUS AUGUSTINUS. 1964. *De Vera Religione (Of True Religion)*. London: Westminster Press.
- AURELIUS AUGUSTINUS. 2001. *On Genesis*. Vertaling R.J. Teske. Washington, D.C.: Catholic University of America Press.
- AURELIUS AUGUSTINUS. 2005. *De Vera Religione (On Christian Belief)*. Vertaling M. O'Connell. New York: New City Press.
- BAEUMKER, C.L. 1908. *Witelo*. Münster: Aschendorffschen Buchhandlung.
- BAEUMKER, C. 1913. *Die Christliche Philosophie des Mittelalters*. Berlin: Teubner.
- BERNARD VAN CLAIRVAUX. 1987. *Selected Works*. New York: Paulist Press.
- BÖHME, J. 1764-1781. *Works*. Vol. 1-4. London: M. Richardson.
- DANTE ALIGHIERI. 1892. *The Divine Comedy*. London: Cassell & Co.
- DIONISIUS. 1920. *On the Divine Names and Mystical Theology*. Grand Rapids, MI: Christian Classics Ethereal Library.
- ECKHART, M. 1978. *Mystic and Philosopher*. Vertaling R. Schürmann. Bloomington/London: Indiana University Press.
- GRABMANN, M. 1906. *Die philosophische und theologische Erkenntnislehre Matthaeus von Aquasparta*. Wien: Von Mayer & Co.
- GREGORIUS VAN NYSSA. 1978. *The Life of Moses*. Vertaling A.J. Malherbe & E. Ferguson. New York: Paulist Press.
- HILTON, W. 1901. *The Scale of Perfection*. London: Art & Book Co.
- MARTESSSEN, H.L. 1885. *Jacob Böhme: His Life and Teaching*. London: Hodder and Stoughton.
- MURRAY, A. 2002. *Teach Me to Pray*. Bloomington: Bethany House Publications.
- MURRAY, A. 2004a. *A Life of Obedience*. Bloomington: Bethany House Publications.
- MURRAY, A. 2004b. *Abiding in Christ*. Bloomington: Bethany House Publications.

-
- MURRAY, A. 2010. *The Deeper Christian Life*. Bloomington: Bethany House Publications.
- MURRAY, A. 2011. *Power in Prayer*. Bloomington: Bethany House Publications.
- MURRAY, A. 2012. *The Power of the Blood of Jesus*. Bloomington: Bethany House Publications.
- MURRAY, A. 2013. *Divine Healing*. Bloomington: Bethany House Publications.
- MURRAY, A. 2014a. *Hebrews*. Bloomington: Bethany House Publications.
- MURRAY, A. 2014b. *Holy in Christ*. Bloomington: Bethany House Publications.
- MURRAY, A. 2015a. *Lord, Teach Us to Pray*. Bloomington: Bethany House Publications.
- MURRAY, A. 2015b. *With Christ in the School of Prayer*. Bloomington: Bethany House Publications.
- MURRAY, A. 2016a. *The Lord's Table*. Bloomington: Bethany House Publications.
- MURRAY, A. 2016b. *The Ministry of Intercession: A Plea for More Prayer*. Bloomington: Bethany House Publications.
- MURRAY, A. 2017. *The New Life*. Bloomington: Bethany House Publications.
- MURRAY, A. 2018a. *Waiting on God*. London: Bethany House Publishers.
- MURRAY, A. 2018b. *With Christ in the School of Prayer*. London: Bethany House Publishers.
- MURRAY, A. 2019. *Working for God*. London: Bethany House Publishers.
- PLOTINUS, 2018. *The Enneads*. Vertaling: G. Boys-Stones. Cambridge: Cambridge University Press.
- RUYSBROECK, J. 1983. *Spiritual Espousals*. Vertaling E. Colledge. Westminster, Maryland: Christian Classics.
- SIEBECK, H. 1890. "Die Anfänge der neuen Psychologie", *Zeitschrift für Philosophie* 92: 189 e.v.
- UNDERHILL, E. 1911. *Mysticism*. London: Methuen & Co. Ltd.
- WINDELBAND, W. 1898. *Geschichte der Philosophie*. Freiburg: Mohr.